ONS SPOG MET

Christina Klaasen

AGTERGROND

Christina Klaasen het as ‘n plaasmeisie groot geword in Wellington. Sy moes agv ‘n hoofbesering die skool op ‘n vroeë ouderdom verlaat. Sy voltooi Gr 5 by Soetendal Primer en vorder tot Gr 7 by Pauw Gedenkskool. Later het ‘n boervrou haar aangespoor om na Wamakers te kom en die Kleutersorg kursus te doen. Met behulp van ‘n oud onderwyseres, Juf Franke, skryf sy haar in 2008 in as ‘n leerder by Wamakersvallei Opleidingsentrum.

Sy het net Gr 7 gehad, maar het Erain de Waal oortuig dat sy goed kan lees en skryf en dat sy ook “Sondagskool gee”. Sy het die Kleutersorg voltooi en verbasend goed gevaar. Met die sertifikaatplegtigheid, was die spreker van Boland Kollege. Dié het haar gemotiveer om vir die oorbruggingskursus in te skryf. Daarna voltooi sy die N-kursusse en word in 2012 aangestel by Soetendal skool as Graad 1 onderwyseres.

In 2013 nooi Wamakers haar om as oud-student haar verhaal te kom vertel by een van ons sertifikaatplegtighede. Daarna tree sy ook op by by ‘n fondsinsamelingsgeleentheid. Die dag was spesiaal, want dit was haar verjaarsdag en sy was so geliefd by die gehoor dat ons op daardie dag vir haar R6000 ingesamel het vir verdere studies!! (sy moet teen 2019 ‘n sekere kwalifikasie hê om verder te kan skoolhou).

VERDERE STUDIES

Nadat sy aansoek gedoen het by verskillende instansies, is sy in 2016 aanvaar by CPUT. Wamakers het die registrasie en boekgelde oorbetaal. Einde 2017 het sy haar kursus geslaag en het sy weereens haar getuienis kom deel met ons. Sy is steeds besig met verdere studies

BEROEP

Sy is vandag ‘n onderwyseres by Soetendal Primêr met haar eie graad R-klas. Ek sê altyd dat ek wens ek kon ‘n leerder in haar klas gewees het. Haar entoesiasme en liefde vir elke kind is besonders.

RADIO

In 2015 doen Radio RSG ook ‘n radio onderhoud met haar waar sy op die Sondagjoernaal program haar storie vertel.

SPREKER
Sy tree ook dikwels op as spreker by funksies.

TOEKENNINGS
2018 – Winnie Rust toekenning
2018 – Genomineerde vir die 2018 “Teachers Awards”

Saamgestel deur: Elsabe Lintvelt
Sentrumbestuurder
Wamakersvallei Opleidingsentrum